kruiskerk.co.za

info@kruiskerk.co.za

wynandnel@iafrica.com

# Toetrede

## Liturgie van die Lig

Aansteek van die kerse

# Woorddiens

## Tema: "Omgee uitbranding?"

## Skriflesing: Markus 6:30-44 en 53-56 (1953)

30 EN die apostels het by Jesus saamgekom en Hom alles
vertel wat hulle gedoen sowel as wat hulle geleer het.
31 En Hy sê vir hulle: Kom julle self in die eensaamheid na 'n
verlate plek en rus 'n bietjie. Want daar was baie wat kom en
gaan, en hulle het selfs geen geskikte tyd gehad om te eet
nie.
32 En hulle het met die skuit vertrek na 'n verlate plek in die
eensaamheid.
33 En die skare het hulle sien weggaan, en baie het Hom
herken en te voet van al die stede af daar saamgestroom en
voor hulle uit gegaan en by Hom vergader.
34 En toe Jesus uitklim, sien Hy 'n groot menigte, en Hy het
vir hulle innig jammer gevoel, omdat hulle soos skape
sonder herder was; en Hy het hulle baie dinge begin leer.
35 En toe dit reeds laat geword het, kom sy dissipels na Hom
en sê: Die plek is verlate en dit is reeds laat.
36 Stuur hulle weg, sodat hulle na die buitewyke en dorpe
rondom kan gaan om brood vir hulleself te koop, want hulle
het niks om te eet nie.
37 Maar Hy antwoord en sê vir hulle: Gee julle aan hulle iets
om te eet. En hulle sê vir Hom: Moet ons gaan en vir
tweehonderd pennings brood koop en aan hulle gee om te
eet?
38 En Hy sê vir hulle: Hoeveel brode het julle? Gaan kyk. En
toe hulle dit te wete gekom het, sê hulle: Vyf, en twee visse.
39 En Hy het hulle beveel om almal klompies-klompies op
die groen gras te laat sit.
40 En hulle het gaan sit in groepe van honderd en van vyftig.
41 Hy neem toe die vyf brode en die twee visse, kyk op na die
hemel en dank; en Hy breek die brode en gee dit aan sy
dissipels om dit aan hulle voor te sit. Ook die twee visse het
Hy onder almal verdeel.
42 En almal het geëet en versadig geword;
43 en hulle het van die brokstukke twaalf mandjies vol
opgetel, en van die visse.
44 En die wat van die brood geëet het, was omtrent
vyfduisend manne.
[...]
53 En nadat hulle oorgevaar het, het hulle by die land
Gennésaret aangekom en daar aan wal gaan lê.
54 En toe hulle uit die skuit gaan, het die mense Hom dadelik
herken,
55 en hulle het in daardie hele omtrek rondgeloop en die wat
ongesteld was, op bedde begin ronddra na die plek waar
hulle hoor dat Hy is.
56 En waar Hy ook al ingegaan het in dorpe of stede of
buitewyke, het hulle die wat ongesteld was, op die
markpleine neergesit en Hom gesmeek om, al was dit maar
die soom van sy kleed, aan te raak; en almal wat Hom
aangeraak het, het gesond geword.

## Broodjies vir die pad

### Merkel troost snikkende vluchteling

**Geen spier vertrekt ze. Rustig legt ze de jonge vluchteling uit waarom ze terug moet naar Palestina. Maar wanneer de tranen bij het meisje beginnen te stromen, breekt ook Angela Merkel. De Duitse bondskanselier loopt op het kind af en slaat de armen om haar heen.**

Het gebeurt niet vaak dat Merkel op deze manier de consequenties van haar politieke acties ondervindt. Gisteren bezocht de bondskanselier een schoolklas met tieners in Rostock, waar een debat rondom het thema 'Het goede leven in Duitsland' plaatsvond. Daar werd ze plotseling met haar neus op de feiten werd gedrukt.

Een van de meisjes krijgt de microfoon en vertelt in perfect Duits: "Ik heb doelen in mijn leven, net zoals iedereen. Ik wil studeren aan de universiteit, net zoals mijn klasgenoten zullen doen. Het is erg onplezierig om te zien hoe anderen genieten van het leven, terwijl ik dat niet kan." De Palestijnse tiener legt uit dat ze vier jaar geleden is aangekomen in Rostock vanuit een Libanees vluchtelingenkamp, maar dat haar familie waarschijnlijk Duitsland weer wordt uitgezet.

**We kunnen het niet aan**

Merkel reageerde door te zeggen dat ze de frustratie van het meisje begreep, maar dat de politiek soms hard kan zijn. "Je zit nu voor me en je bent een enorm sympathiek persoon. Maar zoals je weet verblijven in de Palestijnse kampen in Libanon duizenden en duizenden vluchtelingen, en als we jullie zouden zeggen dat je hier welkom bent... Dat kunnen we niet aan."

De bondskanselier gaf aan te hopen dat het proces rondom de besluitvorming of vluchtelingen mogen blijven of moeten terugkeren, spoedig versneld kon worden in Duitsland. Maar in het midden van haar verhaal stokte de stem van de bondskanselier. Haar ogen bleven steken op de schokkende schouders van het meisje, die in tranen was uitgebarsten. Dan verandert de afstandelijke houding van de politica. Al aaiend steekt Merkel haar een hart onder de riem. "Je hebt het goed gedaan. Ik weet dat het moeilijk is voor je, en vind het moedig dat je de situatie waarin zoveel mensen zich bevinden onder de aandacht durft te brengen."

**Vluchtelingentoestroom groeit**

Terwijl het incident een trending topic werd op Twitter onder de hashtag #MerkelStreichelt, kwamen nieuwe cijfers naar buiten over de vluchtelingentoestroom. De Duitse steden en dorpen worstelen met het onderbrengen van van de almaar groeiende groep. Het aantal vluchtelingen dat het land binnenkomt, stijgt elke maand. Dit jaar vroegen tot nu toe 450.000 mensen asiel aan in Duitsland, meer dan twee keer zo veel als het totaal in 2014.

http://www.trouw.nl/tr/nl/4496/Buitenland/article/detail/4102720/2015/07/17/Merkel-troost-snikkende-vluchteling.dhtml

◆◆◆

*Ons het almal ons eie "onthou-dinge", maar hoe vorm ons nuwes vir 'n volgende geslag?*

## Ma Grietjie se plek van liefde, perskes en vye

*Charles Smith*

Dit was 'n baie spesiale dag toe pa Hendrik en ma Grietje Mor hul 52ste huweliksherdenking op Mispa, Rouxville, kon vier. Dis waar hulle 'n halfeeu geboer het en waar hulle 'n droomplek geskep het vir ons kinders en kleinkinders.

Ons sou nie toe kon weet toe pa Hendrik sy Nietvoorbij-rooi uitgrawe en ons weglê aan die geurige beesstert met kapokaartappels en ertjies (wat haar keuse vir dié groot dag was), dat sy nou, 'n week later, baie siek in die hospitaal sou wees nie.

Nou sien ons hoe sy haar reis van Bloemfontein plaas toe spesiaal beplan het om hier saam met almal te kon wees, om aan te dring om nog self te kan bestuur, om dié beesstert (Mevrou van Tulleken se resep) op hul groot dag weer te kan geniet.

Vir ons is dit nou 'n mooi reis in ons gedagtes saam met haar van daardie koue troudag in Julie in Clocolan oor 'n halfeeu se winters om die wit huis bo die dam op Mispa te bou, oor jare kamer vir kamer by te voeg en haar mooi tuin en groentetuin uit te lê.

Dit was haar paradys, 'n muur van bome teen die geniepsige suidewind wat hier ekstra byt het.

Vir ons was daar altyd 'n ma in 'n huis met blomme uit haar tuin en boerekos met ma Grietje se stempel op. Kerriefrikkadelle met skaapmaalvleis wat jy sommer op 'n myl kon próé, daai vaalafval met klein aartappeltjies uit die tuin en beesstowevleis (pa Hendrik se gunsteling!).

Op hul herdenkingsdag was die huis vol van die geur van stomende kaneel met suster Hanneke wat ook die resep vir die souskluitjies onder haar toesig bemeester het. Jy ruik haar met die skottel vol vars vye wat sy douvoordag gaan pluk; 'n vars baksel beskuit aan die uitdroog; en die vroeë skaapboud in die oond voor hanekraai op Sondae.

Ek onthou die tafels vol geelperskes wat sy gedroog het vir slopies songedroogde lekkernye wat sy in die dorp verkoop het. Jy onthou haar briewe van Mispa terwyl jy op die Grens is oor die reën wat die water na die dam laat bruis. In moeilike tye was sy die sterk een.

Ons reis saam met haar na 'n plek van boeke en stories. Daar kan ons altyd boer met woorde op 'n plaas met 'n wit huis met vars vye en 'n ma en ouma met altyd nóg plek vir 'n kind en 'n hond op haar skoot.

'n Plek wat altyd ruik na geelperskes en reën.

'n Plek wat oorloop van liefde.

http://www.netwerk24.com/stemme/2015-07-16-charles-smith-ma-grietjie-se-plek-van-liefde-perskes-en-vye

## Brood vir die pad

### 'Lastiges' in kerk smag na geluk

Mense raak kerkloos, maar weet ons werklik waarom?

Ons het soveel sosialemedianetwerke, maar daar is nie 'n soort sentrale netwerk waar 'n mens 'n mening kan lug en kan hoop dat professionele mense, soos byvoorbeeld predikante, dit sal raaksien nie.

Nie om te reageer nie, maar net om bewus te raak van iets wat gewone mense ervaar. Iets wat die gewone lidmaat wat nie iemand het om mee te praat nie, dalk ervaar.

Die lidmaat wat 'n mens kan aanneem die oorlaslidmaat is. Die een wat almal wens eerder maar moet weggaan.

Die gay-debat is tot vervelens toe gevoer.

Ek dink net daar is 'n ander stuk pyn wat ook 'n bietjie aandag verdien. Maar ek dink dit is seker maar te veel gevra.

Gemeentes se fokus is na my mening op die instandhouding van geboue, basaars, administrasie, eredienste, inkomste en uitgawes, maar ek dink die individuele lidmaat is nie meer 'n fokuspunt nie.

My vraag is dus of kerkrade weet van mense in hul gemeente wat swaarkry?

Ek verwys nie na finansiële swaarkry nie, ek verwys na die gevolge daarvan, maar ook na die gevolge van ander soorte swaarkry. Die soort swaarkry wat vir ander mense, gesinne en familie ingesluit, 'n bron van irritasie is en wat versoorsaak dat die persoon wat dit ervaar, hom- of haarself al hoe meer en meer van mense, die kerk en God isoleer.

Is kerkrade bewus van sulke mense in hul gemeente of het die mense so stilletjies verdwyn dat niemand dit agtergekom het nie?

Gee kerkleiers om vir dié mense of is hulle eintlik maar 'n oorlas?

Is gesinslede bewus dat daar in gesinne of families iemand is wat in die grond ingedruk word met twyfel en neerslagtigheid, iemand wat van God verlate voel?

Of neem hulle 'n "ruk-jou-reg"-houding in? Of uiter hulle refreine soos "hou net moed, God dra jou"; "daar is net een ry spore"; "hou aan bid"; "uitkoms is naby", wat so maklik geuiter word deur mense wat nie die vaagste benul het waarvan hulle praat nie en dink 'n paar mooi woordjies los die hel waardeur mense gaan sommer gou-gou op.

Ek dink ons moet eerlik wees dat daar nie tyd vir sulke mense ook nog in reeds oorvol programme is nie.

Daar is in elk geval genoeg mense met wie dit goed gaan, wie se lewe net 'n groot fees is, wat al die regte keuses gemaak het, wat nie hulp van enige aard nodig het nie, en wat Sondag ná Sondag glimlaggend in die kerk kan sit en die Here dank dat Hy so goed vir hulle is.

Hulle is so geseënd, die Here dra hulle en hulle kan nie genoeg dankie sê dat Hy so goed vir hulle is nie. Hulle hou die gemeente aan die gang, dus het die gemeente die lastige mense nie nodig nie.

Die lastiges wat daar buite staan, deur die vensters loer en die volmaaktes daarbinne sien en so smag om ook net 'n bietjie geluk te ervaar, maar nie goed genoeg is nie – nie goed genoeg vir die glad geoliede masjien van die kerk nie en ook nie vir God nie.

Ek weet vir 'n feit dié skrywe gaan in die snippermandjie beland, maar dit voel darem of ek met iemand kon gesels.

*Willie Esterhuizen, Henley on Klip*

http://www.netwerk24.com/stemme/2015-07-15-lastiges-in-kerk-smag-na-geluk

wynandnel@iafrica.com 082 901 5877